

## **Beste Kollegas en Studente**

As Bestuurspan betreur ons die onwettige en onaanvaarbare gedrag deur deelnemers aan die protesaksie vandag (17 November 2015) op ons Stellenbosch-kampus. Daar was vandalisme, brandstigting, geweld en pogings om 'n eksamen te ontwig ondanks die onlangse aanstelling van 'n Taakspan om kwessies wat verband hou met uit-/inkontraktering te ondersoek, en 'n vergadering tussen lede van die Bestuur, vakbondverteenwoordigers en studente wat gister plaasgevind het. Soos aangedui in die onderstaande verklaring, sal die aktiwiteite van die Taakspan voortgaan sodra die situasie gestabiliseer is.

Die protesgroep het op die kampus rondbeweeg, bande en asdromme in die strate en op die Rooiplein aan die brand gestee, chaos in die Neelsie veroorsaak en probeer om 'n eksamen te ontwig, en geëindig by die Admin B-gebou waar prof Tobie de Coning, Hoofdirekteur: Strategiese Inisiatiewe en Menslike hulpbronne, die groep toegesprek het. Die verklaring is aan die hulle voorgelees en per e-pos aan alle lede van die Taakspan gestuur.

Laatmiddag is twee voertuie aan die brand gestee in parkeerareas op die kampus, en het die groep uitmekaargegaan nadat die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) tussenbeide getree het. Die polisie het die situasie saam met Kampussekuriteit bly monitor, en sal indien nodig more daarmee voortgaan.

Oor die algemeen is die meeste kampusaktiwiteite nie geraak nie, en is die beweging van studente nie belemmer nie. Eksamens sal môre soos geskeduleer plaasvind. Spysenieringsdienste in koshuise is geraak deur die protesaksie, maar gebeurlikheidsplanne word getref.

Ons erken die reg van personeellede en studente om aan protesaksie deel te neem, mits protesaksie nie akademiese en administratiewe aktiwiteite ontwig nie, nie risiko's skep nie, en nie skade aan Universiteitseiendom veroorsaak of inbreuk maak op die regte van studente om te leer nie. Dit is ook ons benadering om optrede wat geweld kan uitlok of versnel, te vermy. Die Universiteit sal egter nie vandalisme of boewery duld nie, en sal optree teen individue wat eiendom beskadig of die eksamen probeer ontwig.

Ek wil graag 'n beroep op ons Universiteitsgemeenskap doen om nie kwaad of moedeloos te raak nie. Dit sal ons nie nader aan oplossings bring nie. Dit is 'n moeilike tyd vir almal van ons, maar kom ons hou by ons visie om 'n meer inklusiewe, innoverende en toekomsgerigte instelling te word wat kennis in diens van almal bevorder.

Dankie vir jou geduld en ondersteuning. Ek wens jou alles van die beste vir die res van die eksamen en die laaste weke van die akademiese jaar toe.

Vriendelike groete

**Prof Wim de Villiers**  
**Rektor en Visekanselier**

## **Terugvoer van die Rektor se Bestuurspan (RBS) aan lede van die Taakspan oor Uit-/inkontraktering, en die SR-voorsitter**

Ná 'n vergadering van die RBS vandag, 2015/11/17, die volgende terugvoer:

- Die RBS betreur die huidige onwettige en onaanvaarbare gedrag, insluitend brandstigting, vandalisme, geweld en pogings om eksamens ontwig. Die Taakspan wat vroeër aangekondig is, het reeds begin met sy werk, en erken die behoefte aan die bespoediging van die proses. Dit kan egter slegs gebeur as die situasie op die kampus gestabiliseer is. Daarom doen die RBS 'n beroep op die leiers van sowel die werkers as studente om kalmte en dissipline te herstel alvorens die Taakspan met sy gesprekvoering voortgaan.
- Die RBS herhaal sy verbintenis tot volhoubare oplossings vir die kwessies wat verband hou met uit-/inkontraktering.
- Die RBS gee die Taakspan spesifiek 'n mandaat om, sodra die situasie gestabiliseer is:
  - binne die voorgestelde tydsraamwerk die saak gedurende die res van November 2015 te bespoedig;
  - deelname te verbreed deur verteenwoordigers in diens van groot eksterne diensverskaffers, wat tans uitgesluit is, te betrek; en
  - met die bestuur van uitgekонтakteeerde dienste te vergader ten einde die proses te verduidelik, hul insette te kry en hul steun vir die werk van die Taakspan te werf.